

Die aanduiding van tyd in die boek Daniël

P.A. Verhoef
Dept. Ou Testament
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Abstract

The study of the relevant terms concerning 'time' in the book of Daniel, led to the following conclusions:

It is remarkable how often reference is made in this book to 'time', – time in its different aspects of "point of time", "duration of time", and "units of time" (cf. Louw & Nida, 1988:628-629). Almost every one of the most important Hebrew and Aramaic terms in this regard is used.

This phenomenon is evidently of paramount importance for both a correct translation and a sound exegesis of the book. Translations should refrain from de-syntacticizing words according to a 'concept' method, without due regard for the nuances of meaning in various contexts. The exegesis should also pay the necessary attention to the historical and the eschatological-apocalyptic perspectives contained in the relevant terms.

The great emphasis placed on "the time of the end", in terms of עֵלְמָוֶת and מְסֵפֵי, corresponds remarkably with the divine periodization of historical and eschatological epochs in the Qumran-literature, and in the Rabbinic usage of these terms. This similarity of usage seems to endorse the point of view that the book of Daniel originated in the second century B.C.

A theologically significant point of view is that "time" in the book of Daniel is perceived throughout of as being appointed by God. This is evident from the usage of the term מְסֵפֵי, and the meaning of the Aramaic words מְסֵפֵי and מְסֵפֵי.

1. Tyd en ewigheid

Enigiemand wat hom in die onderwerp *tyd en ewigheid* wil verdiep, sal gou beseef dat hy met 'n brandnetelbos te doen het. Dit was die ervaring van filosowe en teoloë dwarsdeur die geskiedenis heen (vir 'n uitvoerige bespreking van verskillende filosowe en teoloë se sienings, kyk Spier, 1953:7-98). Augustinus het byvoorbeeld gesê: 'As niemand my vra wat tyd is nie, weet ek dit. As ek dit

moet verduidelik, weet ek dit nie.’ Die naaste wat hy aan ’n oplossing vir hierdie probleem kon kom, was om te sê dat die uitgangspunt in die Skrif is dat ‘ewigheid’ alleen aan God toekom, en dat die ‘tyd’, deur God geskep, by die skepsel hoort (uit sy *Confessiones*, 11.13, aangehaal by Spier, 1953:5, 14-16).

Spier vestig die aandag op agt kenmerke van ‘tyd’: opeenvolging, duur, verandering, rigting, fase, homogeniteit, gelyktydigheid en dimensie. In die tydstream is daar ’n ‘opeenvolging’ van momente. Die tydstream strek uit oor langer of korter periodes, en veronderstel dus ‘duur’. Vir die nuwe ervaring is tyd en ‘verandering’ dieselfde: tyd is nie sonder verandering en omgekeerd is verandering nie sonder tyd nie. Die tyd het ’n ‘rigting’ wat vir plante, diere en die mens onomkeerbaar is. Die ‘fases’ of verskyningswyse van die kosmiese tyd is verlede, hede en toekoms: die verlede is *verstarde* tyd, die hede is *aktuele* tyd, en die toekoms *moontlike* tyd. Die tyd is op al sy punte ‘homogeen’, dit bly in wese dieselfde. In die tyd is daar ook ’n aspek van ‘gelyktydigheid’: momente van die tyd is nie net vóór en ná nie, maar ook gelyktydig. Daarby is daar ook verskillende ‘dimensies’ of *lae* in die tyd (Spier, 1953:104-117).

Ons weet dat ‘tyd’ ’n begin het, maar ’n interessante vraag is of dit uiteindelik sal ophou? Wat gebeur met ‘tyd’ die dag as ons sterf? Wat gebeur daarmee by die wederkoms van Christus? Op die eerste vraag sou ons kon antwoord: as ons sterf, betree ons die ‘tussentoestand’, wat ’n begin én ’n einde het, wat moontlik in tydsbesef deurleef sal word. Ook by Christus se wederkoms, dus op die nuwe aarde, sal daar ‘tyd’ wees – tyd wat gevul sal word met geseënde bedrywigheid, waarin God gedien en geprys sal word. Dit is die volheid van die ‘ewige lewe’, wat altyddeur voortduur, wat nooit tot ’n einde kom nie. Die ewige lewe bly egter kreatuurlike lewe, wat nooit vergoddelik word nie, dus ook nooit in absolute sin ‘verewig’ nie: dit sal ’n kreatuurlike ‘ewigheid’ wees, ’n tydsuksesie sonder einde (vgl. Spier, 1953:126-127).

2. Geen teorie oor tyd nie

Wanneer ons met hierdie ‘wysede’ na die Skrif toe gaan, stuit ons op die probleem dat die Skrif, en met name die Ou Testament, nêrens ’n teorie of beskouing oor ‘tyd’ het nie (vgl. Smick, 1976:1710: "The Hebrews were not avid seekers after impersonal causes, and time as an abstract concept was outside their interest"). Die Ou Testament – om my net tot hierdie deel van ons Bybel te bepaal – het wel ’n verskeidenheid woorde wat vir die aanduiding van ‘tyd’ gebruik word, maar nêrens word spesifiek verduidelik wat ons onder ‘tyd’ moet verstaan nie. Daarby kom nog dat die dae van die metodologie van die sogenaamde ‘etymologizing school’, veral sedert die verskyning van C. von Orelli se boek *Die hebraïschen Synonyma der Zeit und Ewigkeit genetisch und sprachvergleichend dargestellt* (1871), vir goed verby is (vgl. De Vries, 1975:31, en veral 335-337). Die aksent lê tereg op die *gebruik* van woorde in hulle konteks, en juis in hierdie

opsig is dit nie altyd maklik om die presiese betekenis van 'n woord vas te stel nie.

'n Studie van die aanduiding van 'tyd' in die boek Daniël lewer die verrassende resultaat dat, ten eerste, die meeste terme vir 'tyd' in hierdie boek voorkom, en ten tweede, dat die gebruik van sommige van hierdie terme meer met dié van die Qumrangemeenskap en van die latere Rabbyne ooreenkom.

3. Eenhede van en terme vir 'tyd'

Net soos die boek Esra, bestaan die boek Daniël ook uit 'n Hebreeuse (1:1-2:4a en 8-12) en 'n Aramese (2:4b-7:28) gedeelte. Hierdie twee gedeeltes bevat 'n wye spektrum van belangrike terme as aanduiding van 'tyd'. Behalwe die vier basiese 'eenhede van tyd': dag, week, maand en jaar, het die boek Daniël ook vyf Hebreeuse en vier Aramese terme wat vir die aanduiding van 'tyd' in aanmerking kom.

3.1 Eenhede van tyd

Ons let eers op die vier 'eenhede van tyd': dag, week, maand en jaar (vgl. Finegan, 1964:7-21 vir 'n omvattende bespreking).

◆ Dag

Die term 'dag' (יָמִים / יוֹם) kom 22 keer voor in hoofstukke 1 en 8-12. In 8:14 en 26 word die 'dag' onderskei in aande en oggende, waaruit ons kan aflei dat die dag destyds in die aand begin het (vir 'n bespreking van die begin van die dag, kyk Beckwith, 1971:218-227 en Stroes, 1966:460-475). As byvoeglike naamwoord het 'dag' in 'n aantal gevalle die betekenis van *duur*. Koning Nebukadnesar het bepaal dat Daniël en sy vriende 'n "daaglikse" (letterlik: 'n dag op dag') porsie van sy kos en wyn moet ontvang (1:5). Die proefneming moes "tien dae lank" duur (1:12, 14); "aan die einde van die tien dae" was die resultaat verstommend (1:15). Dit was "die tyd" (letterlik: 'die dae') wat deur die koning bepaal is (1:18). By geleentheid het Daniël "lank" (letterlik: 'dae lank') siek gelê (8:27). *Dag* ontvang ook die betekenis van 'hede', 'vandag', in aansluiting by wat vooraf gebeur het (9:7, 15, vgl. 1933-vertaling). In die meervoud beskryf dit 'n bepaalde periode waarin 'n besondere gebeurtenis plaasgevind het. Daar is sprake van "in daardie dae" = "drie weke van dae", dit is "drie volle weke" (10:2, 3). Op die vier en twintigste dag van die eerste maand was Daniël by die Tigris (10:4). 'n Man met linneklere aan het aan hom verskyn en hom gerusgestel met die woorde: "... van die eerste oomblik af ... is jou gebede verhoor" (10:12). Hier kry *dag* die betekenis van 'n bepaalde tydstip. Die engel van die Persiese ryk het dié man een en twintig dae lank teruggehou (10:13). Die betekenis van *dag* in die sin van 'duur', blyk ook uit 11:20 en 23, 12:11 en 12. Die koning van die noorde sal

"binne enkele jare" (letterlik: 'dae') om die lewe gebring word (11:20). Die Sirese koning Antiogos Epifanes sal die verstandige leiers van die verbondsvolk "n tyd lank" (letterlik: 'dae lank') doodmaak (11:23). Die vervolging van die vromes onder die verbondsvolk sal 1290 dae lank duur, en dit sal goed gaan met wie geduldig bly "tot 1335 dae verby is" (12:12). Daniël moet aanhou "tot die einde toe" (letterlik: 'tot die einde van die dae') (12:13).

'n Belangrike gesigspunt in die boek Daniël is die eskatologiese gebruik wat van die term *dag* gemaak word. Daniël moes die visioen geheim hou, "want dit sien op die verre toekoms" (letterlik: 'op baie dae') (8:26). Een keer vind ons die vaste uitdrukking **בְּאַחֲרֵית הַיָּמִים**, "in die toekoms" (letterlik: 'aan die einde van die dae') (10:14) wat opgevolg word met die opmerking dat die visioen sien "op die tye" (letterlik: 'dae') wat kom (10:14).

♦ Week

In die boek Daniël word die *week*, as tweede eenheid van tyd, meesal in die sin van 'tydperk' gebruik. Hierdie betekenisnuanse van *week* kom veral voor in die moeilike gedeelte 9:24-27. Sewentig "tydperke" (letterlik: 'sewetalle') word vir die verbondsvolk en die heilige stad vasgestel (9:24). Gedurende dié tyd sal verskillende dinge gebeur. Vandat die opdrag gegee is om Jerusalem te herstel, totdat 'n regeerder kom wat deur God uitverkies is, sal "sewe tydperke" (letterlik: 'sewetalle') verbygegaan het (9:25). Jerusalem sal daarna "twee en sestig sewetalle" in moeilike tye opgebou bly (9:25). Aan die einde van hierdie tydperk sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word, en sal die einde kom soos 'n oorstroming (9:26). Die verdrukker van die verbondsvolk sal "vir een tydperk" ('sewetal') 'n vaste ooreenkoms met die afvallige vooraanstaandes aangaan, en teen die helfte van die tydperk ('sewetal') sal hy-die diereoffers en die graanoffers afskaf (9:27).

Elke poging om hierdie 'weke' of 'sewetalle' in terme van *tyd* te verklaar, stuit op allerlei probleme. In die eskatologies-apokaliptiese konteks van hierdie gedeelte het die 'tydperke' eerder 'n simboliese as reële betekenis.

In 10:2 en 3 het "week" die gewone betekenis van sewe dae. Daniël het "drie volle weke" getreure en gevas.

♦ Maand

Die derde eenheid van tyd, die *maand*, kom net in 10:4 voor. Daar is sprake van "die eerste maand", die maand Nisan, ons Maart/April. Die Hebreeuse woord vir 'maand' hier is **חֹדֶשׁ**, wat ook die betekenis 'nuwe maan' het (Jesus Sirag lê 'n interessante verband tussen 'maan' en 'maand' in 43:6-8). 'n 'Maand' hou dus verband met die maansiklus, en sy duur van 29 dae, 12 uur, 44 minute en 2.8 se-

kondes word deur die maankalender bepaal (vgl. *The American Ephemeris and Nautical Almanac for the Year 1958*, p. xvi, aangehaal deur Finegan, 1964:18).

♦ Jaar

Net soos by Esegïel en Haggai, speel die datering van gebeurtenisse in terme van *jare* ook in die boek Daniël 'n belangrike rol. Die jaartalle dien veelal om die regeringstyd van onderskeie konings aan te dui (1:1, 2; 2:1; 8:1; 9:1, 2; 10:1; 11:1). Verder dien jaartalle ook as aanduiding van 'n bepaalde (1:5; 9:2) of onbepaalde (11:6, 8, 13) tydperk. Die Hebraëuse woord vir 'jaar' is שָׁנָה, wat etimologies verband hou met die gedagte aan 'verandering', en dan veral toegepas op die verandering van die seisoene (vgl. Finegan, 1964:18-19). In die boek Daniël is geen direkte aanduiding of ons hier met 'n maan- of 'n sonjaar te doen het nie.

3.1.1 Hebraëuse terme

Soos ons gesien het, bevat die boek Daniël 'n verskeidenheid Hebraëuse en Aramese terme as aanduiding van tyd. Die Hebraëuse terme is עָרַב, עֹלָם, מַעֲרָב, קֶץ, עֵת, en in Aramees het ons die terme עֲלָם, זְמַן, עֶרְבָן en שְׁעָה (vgl. *The New NIV Exhaustive Concordance* (Goodrich & Kohlenberger, 1990) vir wyses waarop dié woorde in die *New International Version* vertaal word).

♦ עֵת

Die Hebraëuse Ou Testament het geen vaste, beskrywende woord vir 'tyd' nie. Die woord wat die meeste – ongeveer 296 keer – as aanduiding van 'tyd' gebruik word, is עֵת. Sy afleiding is onseker (kyk Jenni, *THAT* 2:370-371). Dit is verwant aan die bywoord עֵתָהּ, "nou". In die boek Daniël het עֵת ook die primêre betekenis van 'tydstip', Engels: *point of time*, Duits: *Zeitpunkt*, byvoorbeeld in 9:21: "dit was die tyd van die aandoffer"; 11:24: "maar dit sal van korte duur wees" (letterlik: 'maar net vir 'n tyd'); 12:1: "In daardie tyd"; 12:11: "van die tyd dat die daaglikse offer afgeskaf is."

Die meervoud sluit aan by die betekenis van die enkelvoud. Von Rad (1960:114) wys daarop dat die meervoud vir ons persepsie bloot 'n retoriese hiperbool is, want vir ons is tyd sonder meer tyd. Dit is die rede waarom die meervoud in die nuwe vertaling op sommige plekke gewoon met "tyd" vertaal is, byvoorbeeld: "na verloop van tyd" (letterlik: 'tye') (11:6), "in daardie tyd" (letterlik: 'tye') (11:14). In Hebraëus word nie abstrak oor tyd gedink nie, maar sien die meervoud veelal op gebeurtenisse, omstandighede, ervarings, op dié dinge wat 'n besondere inhoud aan die "tye" gee (kyk Barr, 1969:123). In die onsekere teks van 9:25 is sprake van "tye van verdrukking", "moeilike tye", wat ooreenkom met die

gebruik van die enkelvoud in 12:1: "Dit sal 'n swaar tyd wees". In sommige gevalle word die afsonderlike tydstippe saamgevat in 'n somtotaal van "tye", wat prakties 'n "tydperk" beteken, byvoorbeeld "in daardie tye" (11:14).

In 'n eskatologiese konteks word עַתָּה 'n aantal kere met קֵץ verbind, byvoorbeeld "die visioen slaan op die eindtyd" (8:17), "sodat die volk gelouter ... kon word tot die eindtyd toe" (12:4, 9), want "die einde is klaar bepaal" (11:35); "in die eindtyd sal die koning van die suide hom aanval" (11:40; vgl. 11:13). In al hierdie gevalle lê die 'eindtyd' anderkant die geskiedkundige horison, en is dit 'n ongedefinieerde en ondefinieerbare werklikheid.

♦ קֵץ

Dat die gedagte aan die 'eindtyd' 'n belangrike deel van Daniël se prediking vorm, blyk veral uit die veelvuldige gebruik van die woord קֵץ, ('einde'). Dit kom vyftien keer in hoofstukke 8, 9, 11 en 12 voor. Soos ons gesien het, word dit 'n aantal kere saam met עַתָּה verbind om 'die einde van die tyd' aan te dui (8:17; 11:35, 40; 12:4, 9). In 11:13 word dit saam met die meervoud "tye" gebruik in die betekenis van 'die verloop van 'n aantal tye of jare' (vgl. 11:6). Die 'eindtyd' kom nie maar toevallig nie; dit is vooraf bepaal. Om dit aan te dui, word קֵץ met מֵעַד verbind. Die engel Gabriël vertel byvoorbeeld vir Daniël waarop die toorn van God gaan uitloop, en dan sê hy: "Dit gaan oor die eindtyd", letterlik: 'die bepaalde tyd van die einde' (8:19). Dieselfde strekking het "einde" in 11:27. Die bese planne van die twee konings sal nie baat nie, "want hulle einde is klaar bepaal". In 9:26 word die woord "einde" eers as onderwerp van die sin gebruik, en dan vorm dit deel van 'n uitspraak: "Die einde sal kom soos 'n oorstroming", en: "daar sal oorlog wees tot die einde toe". Daniël word vermaan om aan te hou "tot die einde toe" (12:13). In 12:6 word gevra: "hoe lank sal hierdie onbegryplike gebeurtenisse nog aanhou", letterlik: 'hoe lank voor die einde van die wonderbaarlike dinge'?

♦ מֵעַד

Die Hebreeuse woord מֵעַד beteken 'afpraak', wat dan toegespits word op of 'n vasgestelde tyd (Engels: *an appointed time*), of op die plek of feit van 'n ontmoeting. In laasgenoemde geval dui dit veral op die godsdienstige byeenkomste wat deur die kalender of die stand van die hemelliggame bepaal word. In die boek Daniël word dit veral in eersgenoemde betekenis gebruik. Dit gaan om die tyd wat deur God vasgestel is. Dit is die geval met die "eindtyd" (8:19; 11:27), maar ook met "die bestemde tyd" vir gebeurtenisse om plaas te vind (11:29, 35). In 12:7 beteken die uitdrukking wat vertaal is met "die hele vasgestelde tyd", letterlik: 'vir die vasgestelde tyd, die vasgestelde tye en 'n halwe tyd'. In hierdie

uitdrukking word die toekomsgebeure geperiodiseer en gestel onder die teologiese gesigspunt van die beskikking van God.

♦ עולם

Die Hebreeuse woord עולם sien op die "verste tyd", sowel in die verlede as in die toekoms, en in bepaalde kontekste het dit die betekenis van 'ewig' (vgl. Jenni, *THAT* 2:228, en Guhr, *NIDNTT* 3:827). In die boek Daniël kom laasgenoemde twee betekenisse voor. Die sewentig tydperke wat vir die volk en die heilige stad vasgestel is, sal 'n tyd wees waarin 'n "blywende" geregtigheid tot stand gebring sal word (9:24). In die grondteks word die meervoud עולמים gebruik om die 'blywende' (Engels: *everlasting*) van die geregtigheid te beklemtoon. Dit veronderstel 'n toestand waarin daar geen einde sal wees nie. Dieselfde gedagte word in 12:3 uitgedruk, waar gesê word dat dié wat baie mense op die regte pad lei "vir altyd" sal skitter soos die sterre. In die oorspronklike word twee sinonieme terme gebruik om die gedagte aan die permanensie van dié toestand te beklemtoon. Eintlik staan daar: 'vir ewig en altoos' (Engels: *for ever and ever*). Dit is trouens ook die enigste plek in die boek waar die woord עַד, ('altyd', 'ewig'), voorkom.

Die betekenis van "ewig" in kreatuurlike én absolute sin, kom voor in 12:2 en 12:7. In 12:2 word die eindbestemming van die regverdige en goddelose as 'n "ewige" toestand beskryf. Guhr merk na aanleiding van dié teks op: "From the Book of Daniel onwards 'eternal life' is an expression of the longed-for eschatological blessings of salvation, life in the age to come" (*NIDNTT* 3:832) en in 12:7 word 'n eed afgelê "by Hom wat ewig lewe". Die 1933-vertaling lui: "by die Ewig-Lewende". Hier word עולם in sy absolute betekenis van "ewig" gebruik (vgl. ook Hahn, *NIDNTT* 3:846).

3.1.2 Aramese terme

♦ עולם

Die Aramese vorm עולם kom veelvuldig voor, en word gebruik om die koning 'n "baie lang" lewe toe te wens (2:4; 3:9; 5:10; 6:7, 22), om die Naam van God "altyd" (letterlik: 'van ewigheid tot ewigheid') te prys (2:20), om te verklaar dat die koninkryk van God "vir altyd" sal bestaan (2:44), dat dit 'n "ewige koninkryk" sal wees (4:3 [3:33], 34 [31]; 7:14,27), dat die heiliges van die Allerhoogste 'n "ewige koninkryk" sal ontvang (7:18), en veral dat God, wat "ewig leef", geloof en geëer word (4:34 [31]), dat Hy, as die lewende, vir ewig bestaan (6:27). Die woord עולם word dus in drieërlei sin gebruik. Dit sien onder andere op die volgende tydsdimensies:

- * 'n lang aardse tyd;
- * 'n tydsduur wat verder reik as die aardse tyd, wat na die toekoms dus geen tydsgrens het nie, en
- * in pregnante sin op Goddelike ewigheid.

Die drie ander Aramese terme vir "tyd" wat hier in aanmerking kom, is עֵרָן, זְמַן en שְׂעָרָא.

♦ זְמַן

Die woord זְמַן, in die betekenis van 'n voorgeskrewe of vasgestelde tyd, kom behalwe in die boeke Prediker (3:1), Nehemia (2:6) en Ester (9:27, 31), veral in die Aramese gedeelte van die boek Daniël voor. In 2:16 vra Daniël "uitstel", letterlik: 'dat die koning hom tyd moet gee'. In 2:21 word twee Aramese woorde vir 'tyd' gebruik, albei in die meervoud, en word dit vertaal met: "tye en omstandighede". In 3:7 word זְמַן weergegee met "sodra", letterlik: 'in die tyd wanneer', en in 3:8 met die woord "toe", letterlik: 'op daardie tyd'. In 4:33 word gesê dat "op dieselfde oomblik" oor Nebukadnesar gekom het wat oor hom gesê is. Letterlik staan daar 'op daardie tydstip'. In 6:11 (MT 10) en 6:14 (MT 13) word gesê dat Daniël "drie maal per dag" voor sy God gekniel het. Die woord זְמַן het hier die betekenis van 'geleentheid' (Engels: *occurrence*). In 7:12 word vertel van die ander diere wie se heerskappy van hulle af weggeneem is, maar wie se lewens nog "'n tyd lank" gespaar is, letterlik: "vir 'n tyd en 'n tyd". Ook hier word twee Aramese woorde vir "tyd" saam gebruik om die feit en aard van die periode te beklemtoon. In 7:22 is זְמַן die onderwerp van die sin: "Die tyd het aangebreek" dat die heiliges van God die koninklike heerskappy sou ontvang. In 7:25 word die meervoud van זְמַן met "godsdienstige feeste" vertaal. Letterlik staan daar: 'om tye en wet te verander'. Hier het "tye" die betekenis van 'heilige tye', en daarom kan dit tereg vertaal word met 'godsdienstige geleenthede'.

♦ עֵרָן

Die Aramese woord עֵרָן kom elf keer in die boek Daniël voor, en word in die verskillende kontekste vertaal met "wanneer", "sodra" (3:5, 15), "omstandighede" (2:9), "tye" (2:21), "tydperke" (4:16, 23, 25, 32). In 7:25 het ons die Aramese ekwivalent van die Hebreeuse uitdrukking in 12:7: "die hele vasgestelde tyd", letterlik: 'vir 'n tyd en tye en 'n halwe tyd' (vgl. Beek, 1966:19-24).

◆ שָׁעָרָא

Die vraag of klassieke Hebreeus die woord *uur* geken het, word verskillend beantwoord (kyk Beckwith, 1971:218; Gispén, 1957:347; De Vries, 1975:38; Barr, 1969:107). Die feit is dat dit nie in die Hebreeuse gedeeltes van die Ou Testament voorkom nie (vgl. Smick, 1976:1710). Ons vind dit wel in Bybelse Aramees, en wel op vyf plekke in die boek Daniël. In dié gedeeltes word die woord שָׁעָרָא vertaal met "onmiddellik" (letterlik: 'in dieselfde uur') (3:6), "dadelik" (3:15), "'n oomblik" (4:19), "op dieselfde oomblik" (4:33), en "meteens" (5:5; kyk Finegan, 1964:11).

◆ **Konklusies**

'n Oorsig van die verskillende aanduidings van tyd in die boek Daniël, lei tot die volgende konklusies:

Dit is opvallend hoe veelvuldig in die boek na 'tyd' verwys word. Feitlik al die belangrikste Hebreeuse én Aramese woorde vir 'tyd' word in allerlei kontekste gebruik.

Hierdie feit is van die grootste belang vir sowel die *vertaling* as die *verklaring* van die boek. Die vertaling kan nie volstaan met 'n blote leksikografiese weergawe van die betekenis van die afsonderlike woorde nie, maar moet steeds fyn onderskei tussen die verskillende nuanses van betekenis in die betrokke kontekste. Die verklaring weer sal rekening moet hou met die historiese én die eskatologies-apokaliptiese perspektiewe wat die onderskeie terme op die inhoud van die boek open.

Die moderne tendens by sommige geleerdes is om die rekonstruksie van die historiese agtergrond veral van profetiese boeke as onmoontlik te beskou. Hierdie negatiewe benadering van die historiese moment was onder meer duidelik in sommige referate wat gelewer is op "The Old Mutual Symposium on Contextual Bible translation", 13-17 September 1993 op Stellenbosch. Ek stem egter saam met Philip A. Noss (1993:309-310) se opmerking:

In any succesful piece of literary art, time is a prominent feature. Whether it is the author's relation to time in his narrative, his use of time as a structural or literary device, or his treatment of time as a theme, the element of time is a major component of literary art.

Hy pas dit sinvol toe op die samestelling en boodskap van die boek Ester, maar dit kan net so goed toegepas word op ander Bybelboeke, soos Jeremia, Esegïel, Haggai, Sagaria en op Daniël. Soos ons gesien het, speel die tydsfaktor in die boek Daniël 'n deurslaggewende rol.

Die swaar klem wat in die boek op die "eindtyd" in terme van die woorde עֵלְמָא / עֵלְמָא gelê word, vertoon 'n verrassende ooreenkoms met die gebruik van die terme in die Qumran-geskrifte en by die latere Rabbyne (vgl. Jenni, THAT 2:242-243; Preuss, 1986:242-243 artikel עֵלְמָא en Barr, 1969:124-125). Hierdie opvallende ooreenkomste mag 'n bykomende oorweging wees om die ontstaan van die boek Daniël in die tweede eeu v.C. te dateer.

Teologies belangrik is die gesigspunt dat die "tyd" en "tye" in die boek Daniël deur God bepaal en vasgestel is, soos veral blyk uit die gebruik van die woord מְעֵרָא en die betekenis van die Aramese woorde זְמַן en עֵדָן. As "Ewig-Le-wende"(12:7) het Hy volkome en soewereine beheer oor die voortwentelende eeue, tot aan die "einde" toe.

By die wisseling van ons kollega en vriend se "tye", mag hy vir seker weet dat ook sy "tye" in God se hand is (Ps. 31:16).

Aangehaalde bronne

- BARR, J. 1969. *Biblical Words for Time*. London : SCM Press.
- BECKWITH, ROGER T. 1971. *The Day, Its Divisions and Its Limits in Biblical Thought*. *Evangelical Quarterly*, 43:218-227.
- BEEK, M.A. 1966. *Zeit, Zeiten und eine halbe Zeit*. (In Van Unnik, W.C. & Van der Woude, A.S. *Studia Biblica et Semitica*, Th.C. Vriezen dedicata. Wageningen : Veenman en Zonen. p. 19-24.)
- DE VRIES, S.J. 1975. *Yesterday, Today, and Tomorrow. Time and History in the Old Testament*. Grand Rapids/London : Society for Promoting Christian Knowledge.
- FINEGAN, J. 1964. *Handbook of Biblical Chronology: Principles of Time Reckoning in the Ancient World and Problems of Chronology in the Bible*. Princeton : University Press.
- GISPEN, W.H. 1957. *Dag*. (In Gtosheide F.W. & Van Itterzon, G.P. *Christelike Encyclopedie*. Kampen : Kok. p. 347.)
- GOODRICH, E.W. & KOHLENBERGER, J.R., ed. 1990. *The New NIV Exhaustive Concordance*. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.
- GUHRT, J. 1978. (In Brown, C. ed. *The New International Dictionary of New Testament Theology* 3:826-833.)
- HAAG, E. 1989. 1989. 'ad. (In Botterweck, et al. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*. 5: 1066-1074.)
- HAHN, H.-C. 1978. (In Brown, C. ed. *The New International Dictionary of New Testament Theology* 3:833-849.)
- JENNI, E. 1962. *Time*. *The Interpreter's Dictionary of the Bible* 4:642-649.
- JENNI, E. 1976. *Verskillende artikels*. (In Jenni, E. & Westermann, C. eds., *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament*. München : Chr. Kaiser Verlag. 2:207-209, 228-243, 370-385.)
- KRONHOLM, T. 1989. עֵרָא. (In Botterweck, et al. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*, 6:463-482.)
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*. New York : United Bible Societies. 1:628-629.

NIDNTT = The New International Dictionary of New Testament Theology

kyk

- BROWN, C. *ed.* 1975. The New International Dictionary of New Testament Theology. Exeter : Patenoster Press.
- NILSSON, M.P. 1960. A Study in the Origins and First Development of the Art of Counting Time among the Primitive and Early Culture Peoples (2d ed) Lund : C.W.K. Gleerup.
- NOSS, P.A. 1993. A Footnote on Time: the Book of Esther *The Bible Translator*, 44(3) 309-320.
- PREUSS, H.D. 1986. עֶרְלָם (In Botterweck *et al.* Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament, 5:1144-1159.)
- SMICK, Elmer B. 1976. (In Pfeiffer, Charles F. *et al. ed.*, Wycliffe Bible Encyclopedia Chicago : Moody Press p 1710.)
- SPIER, J.M. 1953. Tijd en eeuwigheid. Een wijsgerig onderzoek bij het licht van Gods Woord. Kampen : Kok.
- STROES, H.R. 1966. Does the Day begin in the Evening or Morning. *Vetus Testamentum*, 16:460-475.
- THAT = Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. München : Chr. Kaiser Verlag
- kyk*
- JENNI, E. & WESTERMANN, C. *eds.* 1976. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. München : Chr. Kaiser Verlag
- VON ORELLI, C. 1871. Die hebraischen Synonyma der Zeit und Ewigkeit genetisch und sprachvergleichend dargestellt. Leipzig : A. Lorentz
- VON RAD, G. 1960. Theologie des Alten Testaments. München : Kaiser 2:112-125.

Geraadpleegde bronne

- DE VRIES, S.J. 1962. Day. The Interpreter's Dictionary of the Bible. New York : Abingdon Press. I:783.
- HASEL, G.F. 1979. Day, etc (In Bromiley, G.W., *ed.* International Standard Bible Encyclopedia I Grand Rapids : Eerdmans p 876-879.)
- MARTI, K. 1899. Day. Encyclopaedia Biblica. Cheyne, T.K. *ed.* London. Adam & Charles Black. I:1033-1038.
- MUILENBURG, J. 1961. The Biblical View of Time. *Harvard Theological Studies*, 54 225-271.
- NILSSON, M.P. 1960. A Study in the Origins and First Development of the Art of Counting Time among the Primitive and Early Culture Peoples (2d ed). Lund : C.W.K. Gleerup
- SAEBO, M, *et al.* 1982. יוֹם (In Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament, 3:566-586.)
- VAN MIERLO, S. 1963. De oude kalender bij de Hebreëen en zijn verband met de lijdensweek. Kampen : Kok

